higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGBESTUUR N6

21 September 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Waar
1.3 Waar
1.4 Onwaar
1.5 Onwaar
1.6 Onwaar
1.7 Waar
1.8 Waar
1.9 Onwaar
1.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 C
2.2 G
2.3 J
2.4 F
2.5 A
2.6 H
2.7 E
2.8 B
2.9 D
2.10 I

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

3.1 Stoporder
3.2 Debietkaart
3.3 Werwing
3.4 Uitstel
3.5 Begroting
3.6 Kworum
3.7 Volmag
3.8 Konsertina
3.9 Manila-lêer
3.10 Fondsinsamelingsfunksie

(10× 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A : 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
- Geniet 'n gebalanseerde ete
- Proe 'n verskeidenheid voedsel
- Leer om onafhanklik te eet
- Sit by 'n tafel en leer aanvaarbare eetgewoontes aan
- Eet saam met ander kinders – 'n sosiale geleentheid (5)

4.2
- Sluit 'n verskeidenheid voedselsoorte in
- Gebruik 'n verskeidenheid gaarmaakmetodes
- Kleur en tipe voedsel is belangrik
- Tekstuurkombinasies moet in gedagte gehou word
- Vermy te veel speserye
- Moenie groente van dieselfde familie, bv. kool en blomkool saam bedien nie
- Moenie twee weergawes van dieselfde voedsel, bv. gekookte wortels en wortelslaai tydens dieselfde maaltyd bedien nie
- Voedsel van verskillende temperature kan tydens dieselfde maaltyd bedien word, bv. koue slaai en warm nagereg
- Kinders hou oor die algemeen nie van gekruide kos nie (Enige 5 × 1) (5)

4.3
- Beplan spyskaarte met kosse wat goeie voedingswaarde het.
- Koop voedsel/bestanddele.
- Oorweeg ouers se behoeftes en etniese verskille wat 'n invloed op die voedseldiens kan hê.
- Leer ken die kinders, hul individuele behoeftes en die toepaslike metodes om met hulle te verkeer – veral wat eet betref.
- Berei voedsel volgens toepaslike metodes voor om die voedingsgehalte te behou, maar bly binne die begroting.
- Samewerking met die onderwyspersoneel om voedselverwante leermateriaal te verskaf, soos speeldeeg.
- Monitor koste, doen verslag aan die hoof en help om verslae te skryf.
- Handhaaf 'n hoë standaard van sanitasie vir die hantering en voorbereiding van voedsel, opwas, en vullisverwydering.
- Bedryf en onderhou die kombuis en eetvertrek.
- Kontroleer of kos bestel is en hou rekord van voorraad.
- Bestuur die werknemers wat met die kos werk (Enige 10 × 1) (10)

4.4
- Neute
- Sitrus
- Vis
- Sjokolade
- Skulpvis
- Eiers
- Koring
- Melk (Enige 5 × 1) (5)

4.5
- Was breekware, messegoed en potte onmiddellik nadat dit gebruik is.
- Moenie troeteldiere of troeteldiere se bakke in die kombuis toelaat nie.
- Moenie klere in dieselfde wasbak as breekware en messegoed was nie.
- Maak alle morsplekke dadelik skoon.
- Hou die kombuis vry van knaagdiere en insekte, soos rotte, muise, vlieë en kakkerlakke.
- Maak asblikke gereeld skoon. Asblikke moet daagliks gewas en ontsmet word en moet altyd bedek wees om te voorkom dat dit vlieë lok.
- Was en steriliseer vadoeke daagliks.
- Pak eetgerei dadelik weg sodra dit gewas is om te verhoed dat vlieë dit besmet.
- Was werkoppervlakke na elke maaltyd.
- Maak alle kombuisoppervlakke, toestelle en toerusting gereeld skoon.
- Was vloere daagliks. (Enige 10 × 1) (10)

4.6
- Moet nooit vir 'n item betaal wat nie ontvang is nie.
- Ondersoek verskillende voedselbronne en vergelyk pryse.
- Gaan aflewerings na om seker te maak dat die hoeveelhede, koste en gehalte korrek is en is wat bestel is.
- Bestel in grootmaat aangesien dit gewoonlik goedkoper is.
- Maak vooraf 'n inkopielys – moenie iets uitlaat nie.
- Gebruik goedkoper vorms van dieselfde kosse – bv. brood eerder as broodrolletjies.
- Gebruik alternatiewe wat dieselfde voedingswaarde verskaf, bv. soja en grondboontjiebotter is albei proteïene.
- Gebruik ekonomiese vleissnitte.
- Gebruik geblikte vrugte indien vars vrugte te duur of nie beskikbaar is nie.
- Gebruik voedsel wat plaaslik geproduseer word, omdat daar meer daarvan beskikbaar is en dit goedkoper is.
- Soek spesiale aanbiedinge in advertensies/koerante. (Enige 5 × 2) (10)

4.7
- Moenie kos té gaar maak nie. Kos moet so spoedig moontlik nadat dit gaargemaak is, geëet word.
- Kook kos in min water, want sodoende gaan minder vitamiene en minerale verlore. Water wat oorbly kan vir soppe en souse gebruik word.
- Gebruik bruinrys en onverwerkte grane, aangesien dit meer voedingswaarde het.
- Groen blare van pampoen, patats en kool kan in die son drooggemaak en tot poeier gemaal word. Dit kan vir ekstra voedingswaarde in soppe en bredies gebruik word.
- Lewer/hart/nietjies – ryk aan proteïene, yster en vitamiene. Goed vir kinders wat aan bloedarmoede ly.
- Sommige produkte wat van sojabone gemaak is, is goeie plaasvervangers vir vleis.
- Om te verseker dat kinders nie hardlywig word nie, gee hulle genoeg water om te drink, volgraanbrood, vesel en ander growwigheid om te eet.
- Gee vir hulle vars vrugte in die skil eerder as lakseermiddels.
- Moedig hulle aan om rou groente bv. blaarslaai, wortels, groenboontjies, te eet.
- Verskaf gesonde snoeperye. (Enige 5 × (5)

Kopiereg voorbehou

1)

[50]

VRAAG 5

5.1
- Alle transaksies moet aangeteken word.
- Interne beheermaatreëls moet voldoende wees.
- Interne beheermaatreëls moet akkuraat wees.
- Interne beheermaatreëls moet konsekwent wees.
- Interne beheermaatreëls moet die finansiële aktiwiteite van die organisasie betekenisvol weergee. (5)

5.2
- Die bestuurder/eienaar besluit wie vir die voorraadopname in elke departement verantwoordelik is – dit is goeie beleid om 'n buitestander in elke span te hê.
- Voorraadopname vind op gereelde tye plaas. Jaarlikse voorraadopname vind 'n paar dae voor die einde van die finansiële jaar plaas – alle goedere moet getel word.
- Afsonderlike voorraadkaarte moet vir elke tipe artikel voorberei word. Voorraadkaarte bevat besonderhede soos hoeveelhede, grootte, gewig en spesifikasies.
- Assistente begin aan die een kant van die winkel of skool en werk sistematies na die ander kant toe. Hulle werk in spanne – een noem die inligting en die ander skryf dit neer.
- Sodra voorraadkaarte volledig voltooi is, word dit na die kantoor geneem waar kospryse bereken word. Pryse van beskadigde of ou voorraad moet korrek tot die werklike markwaarde verminder word.
- Die totale van al die voorraadkaarte word dan bymekaargevoeg. Die groottotaal verteenwoordig die waarde van die finale voorraad.
- Indien die rekords van die werklike voorraad verskil, moet die teenstrydighede ondersoek word. Die voorraadrekords moet ook reggestel word sodat dit die werklike hoeveelhede toon. (14)

5.3
- Ten minste twee personeellede moet te alle tye oor die kinders toesig hou (selfs tydens teetyd).
- Alle onderwyspersoneel moet tydens die belangrikste onderrigtyd (9:00–12:00) van die dag by die dagsorgsentrum wees.
- Geen personeellid moet voor 15:00 vertrek nie omdat almal moet help om die swaar toerusting weg te bêre.
- Meer personeel is vroeg in die dag nodig, veral om toerusting in veeldoelgeboue op te stel. (4)

Kopiereg voorbehou

5.4
- Beantwoord telefone – roetine-aktiwiteite
- Geselsies met kollegas
- Roetine-korrespondensie
- Om na dokumente te soek
- Mense wat laat vir werk opdaag
- Mense wat verlengde teetye/middagetes neem
- Onnodige, uitgerekte vergaderings
- Swak organisasie
- Onakkuraatheid, onvolledige en onbehoorlike hantering
- Oormatige detail
- Uitstel
- Onderbreking
- Gebrek aan delegering (Enige 6 × 1) (6)

5.5
- Asma
- Koronêre hartsiektes
- Menstruele siektes
- Spysverteringsprobleme
- Buikpyn of diarree
- Oormatige senuagtigheid
- Uitbrekings op die vel bv. bloedvinte of puisies
- Hartkloppings
- Migraine
- Depressie
- Jig
- Voedselverwante versteurings – bulimie, anoreksie, vetsug (Enige 5 × 1) (5)

5.6
- Moenie op die persoon fokus of die persoon aanval nie, maar verseker dat jy op die probleem, die opdrag of die persoon se gedrag fokus.
- Luister aandagtig en met empatie.
- Strewe altyd daarna om nie die persoon se gevoelens, trots of waardigheid aan te tas nie, maar probeer eerder om die persoon se selfbeeld op te bou.
- Moenie oor die algemeen teregwys nie, maar wees spesifiek.
- Sê: 'Dit is die tweede/derde keer dat jy laat is' eerder as 'Jy is altyd laat'.
- Moet nooit subjektief of bevoordeel wees nie. Moenie deur jou eie of ander mense se gevoelens beïnvloed word nie.
- Werk saam en neem deel. Neem tyd om te bespreek hoe jy oor die saak voor hande voel. (Enige 5 × 2) (10)

5.7
- Open en bedryf 'n bankrekening.
- Registreer by die owerhede, byvoorbeeld die ontvanger van inkomste, werkloosheidsvoorsieningsfonds.
- Hou rekord van alle inkomste, fooie, donasies, fondsinsamelings en subsidies. Die tesourier moet alle rekeninge betaal en alle kwitansies in 'n lêer bewaar.
- Stel die begroting van die algemene jaarvergadering op.
- Reël dat die boeke geoudit word.
- Stel finansiële state vir die algemene jaarvergadering op.
- Hou 'n salarisregister.
- Hou alle kwitansieboeke en ander finansiële rekords.
- Teken alle inkomste en uitgawes in die kontantboek aan.
- Rekonsilieer die kontantboek met die bankstaat.
- Stel aan die einde van elke maand 'n inkomste-en-uitgawestaat op en stuur kopieë aan borge. (Enige 6 × 1) (6)

[50]

VRAAG 6

6.1
- Dit moet wasbaar wees – plastiek of rubber.
- Dit moet nie growwe of ongelyke kante hê nie – dit kan gevaarlik wees en is moeilik om skoon te maak.
- Vermy speelgoed wat uitmekaargehaal kan word, bv. wat in kleiner dele verdeel.
- Poppe se klere moet soos nodig gewas word.
- Fantasieklere moet ook soos nodig gewas word.
- Houers met kryte en skêre moet skoon gehou word.
- Blokkies moet elke dag afgevee word om te verhoed dat dit vuil en taai word.
- Ander toerusting, bv. buitenshuise water- en sandspeelgoed en fietse moet weekliks skoongemaak word.
- Alle speelgoed moet weggepak word wanneer dit nie gebruik word nie. Dit sal help om dit skoon te hou en skade voorkom. (Enige 8 × 1) (8)

6.2
- Daar moet reëls wees wat die kinders moet nakom, bv. geen gespat met water in die toilet nie.
- Seuns en meisies kan dieselfde toilet gebruik – dit bevorder leer oor seksuele verskille.
- Moenie kinders dwing om die toilet net tydens toiletroetine te gebruik nie – maak seker dat hulle die toilet gereeld deur die dag gebruik.
- Kinders met blaasprobleme moet die toilet eerste gebruik.
- Behoorlike toesig in die badkamer is belangrik.
- Laat toe dat kinders hul tyd gebruik.
- Toilette moet skoon en higiënies wees.
- Dit is beter as die toilette nie deure het nie, of dat dit lae swaaideurtjies het.
- Leer seuns om die toiletsitplek voor gebruik op te tel en na gebruik weer te laat sak.
- Kinders moet gemaklike klere dra. Hulle moet onafhanklik wees en in staat wees om hulself in die toilet te help. Moenie vir kinders denims en broeke met kruisbande aantrek wat moeilik is om uit te trek nie. Eenvoudige optrekbroeke is die beste. (Enige 7 × 1) (7)

6.3 6.3.1
- Onderdompel die area wat gebrand is onmiddellik in yswater.
- Indien dit nie moontlik is nie, wend ys of 'n skoon lap wat in koue water geweek is, aan.
- Verwyder alle juwele en maak stywe klere los voordat swelling plaasvind.
- Bedek die gebrande gebied met 'n steriele verband of skoon materiaal.
- Lig die deel wat gebrand het op, indien moontlik.
- Verkry mediese hulp. (6)

6.3.2
- Verlaag die temperatuur van die gebrande gebied.
- Verminder swelling en blaasvorming
- Verminder skade wat deur die brand veroorsaak is
- Verlig pyn (4)

6.4
- Verseker dat die voertuig in goeie werkende toestand is.
- Neem alle voorsorgmaatreëls wanneer jy bestuur. Gehoorsaam die padreëls en bly op jou hoede.
- Hou alle deure gesluit en skakel die kinderslotte in.
- Leer die kinders om slegs aan die passasierskant in en uit die motor te klim.
- Moenie 'n kind toelaat om op die sitplek te staan of in die kar rond te beweeg terwyl dit in beweging is nie.
- Verseker dat die kind nie sy/haar hand, kop of enige ander liggaamsdeel by die venster uitsteek nie.
- Moenie 'n lawaai toelaat terwyl jy bestuur nie. Indien die kind aandag nodig het, trek van die pad af en sien na die kind om.
- Moet kinders nooit toelaat om in die bestuurdersitplek te sit en met die kontroles te speel wanneer die kar geparkeer is nie.
- Sorg dat jy altyd 'n noodhulpkissie en flits met vars batterye byderhand het.
- Verseker dat volwasse passasiers ook optree soos wat jy van die kinders verwag.
- Op lang ritte moet voldoende stil speletjies verskaf word om die kinders besig te hou. Stop elke twee uur sodat kinders hul bene kan rek. Moenie op een dag te ver te ry nie. (Enige 10 × 1) (10)

6.5
- Werkure
- Salaris
- Verlof
- Diensbeëindiging
- Werknemervergoeding
- Pensioen
- Mediese fonds
- Werkloosheidversekering
- Versorgerhandleiding (Enige 5 × 1) (5)

6.6
- Steriele oogklappe
- Watte en gaas
- Boks oorpluisies
- Kleefband
- Driehoekverband
- Kreipverband
- Haakspelde
- Skêr
- Ontsmettingsmiddel en seep
- Antihistamienstroop en -room
- 5 ml medisynemaatlepels (Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

6.7
- Veiligheid
- Beskerming teen stof
- Toeganklikheid
- Geskiktheid
- Aanpasbaarheid en uitbreidingsvermoë
- Geldigheid
- Vloerruimte
- Eenvoud
- Netheid

(Enige 5 × 1) (5)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou